

SIELSORG IN DIE VERANDERDE MAATSKAPLIKE OMSTANDIGHEDE VERAL MET BETREKKING TOT DIE GEINDUSTRIALISEERDE GEBIEDE *

Enige studie oor die kerklik-godsdienstige toestand en lewe van vandag vereis dat mens by wyse van 'n terugblik 'n agtergrondsbeeld vorm van die lewe en die toestande gedurende die vorige eeu, asook aan die begin van hierdie eeu.

'n Groot kenmerk van die lewe van ons pioniervoorouers was hulle Calvinistiese lewensbeskouing wat „extreem theonoom” was en gedra is deur die patriargalisme van daardie tyd. Hulle moraal het ook hierby aangepas. Die patriargale vorm van maatskaplike organisasie „waarby die vader het hoof is van de groot-familie, een waardigheid die erfelijk is in de mannelijke lijn volgens eerstegeboorterecht” word aangetref in die Ou Testament waarin bekende voorbeelde van patriargale gesinsverhoudinge vermeld word. Die patriarg was nie net gesinshoof nie, maar hy het ook die funksie vervul van 'n priester van die huislike kring. „Het gezin is de oudste gemeenschap tot gebed en het priesterschap van den vader het oudste priesterschap” (Thompson, *De Goddelijke Orde der Menschelijke Samenleving*, p. 59).

Die patriargale stelsel het nie toegelaat dat goeie tradisies in verval geraak nie, maar dit was die draer daarvan. „Slechts onder de Protestanten heeft het huisgezin als een biddende gemeenschap zijn oorspronkelijke karakter behouden en deszelfs hoofd zijn hem van God geschonken waardigheid als priester des huizes”. (Thompson, a.w., p. 42).

Die hoof van die gesin en die familie was die wetgewer en hy moes spreek in die gees van die tradisie. Hy was ook 'n beskermmer wat moes waak teen alles wat ondermynend was. Die afweerwapen, wat tegelyk die kenmerk was waarmee alles bejeen is, was hulle konserwatisme, behoudend ten opsigte van die oue en gevestigde en op die manier afwerend teenoor die nuwe. In die landelike lewe waar die kerk toe nie kon arbei nie, is die behoudende invloed van die kerk vervang deur die sterk en positiewe opvoeding (op grondslag van die Bybel) binne die geslote familie-eenheid. Waar daar destyds boeke gevat is, hetsy in die hartbeeshuisie, of graskerm of ander bokwa of waar ookal, daar was die kerk en die kerklike arbeid aan die gang. Kontak met kerk en kerkraad was toe baie min.

Daar was tegelyk min geleerdheid en die weinig onderwys wat nog gaande was, was meesal die voorbereiding om lidmaat van die kerk te word. Gewoonlik is die Bybel gebruik om uit te leer en het dit dus

* Lesing gehou by die Predikantevergadering van die Ned. Herv. Kerk, Pretoria, 22 September 1964.

gedien as lewensgids, ook as leer- en leesboek. Weens die geringe leeskennis wat gesinshoofde gehad het, het die leiding op godsdienstige gebied maar swaar gegaan en het die veral bestaan in die opvoeding om aan die tradisies vas te hou en om 'n godsdienstige lewenshouding oor te plant op die volgende geslag. Dit veral was nie moeilik nie, omdat die algemene omstandighede en die gemeenskapshouding 'n gelykmatige godsdienstige lewe begunstig het. Die afwesigheid van skadende invloede was 'n verdere begunstiging vir die behoud van 'n algemene sterk godsdienstige houding.

Die isolement van die vorige landelike tydperk was dus 'n sterk faktor vir die behoud van 'n algemene godsdienstigheid wat by sommige families 'n sterker inslag vertoon het as by ander. Gewoonlik bring aanraking met andersdenkendes 'n lewendige gedagtewisseling teweeg. Die moontlikheid van aanraking in hierdie uitgestrekte land was baie skraal. Die meeste aanraking was met enersdenkendes, wat natuurlik 'n hulpmiddel was om die godsdienstige erfenis onvervals oor te dra.

Die beeld soos nou weergegee was egter nie algemeen nie. Daar was wel 'n handhawing van die kerklik-godsdienstige lewe en 'n deurgaanse poging tot bestendiging van die bestaande godsdienstige houding. Maar daar was ook in sommige streke 'n besliste nivellering, al was dit net onder klein groepe. Die gevolg hiervan was dat daar sporadiese groepe was wat afgewyk het van die bestaande insigte. Hulle het eie begrippe uitgewerk met die gevolg dat hulle eie rigtinge gevolg het en daarin volhard het sonder om rekenskap te gee van die onjuistheid van hulle kerkleer, en van hulle separatistiese houding.

Die groot kenmerk van die twintigste eeu in Suid-Afrika is die geweldige oorgang na 'n gemeenskapslewe wat oorwegend stedelik van aard is. Tegelyk het die geslote landelikheid en patriargalisme van die vorige eeu verdwyn. Die landelike tydperk was gekenmerk deur min verkeer en kontak, en die gemeenskapslewe was staties. Dit was die sterk tendens van die gemeenskapslewe op die hele platteland, en daar was vir baie dekades min prikkels om aan die statiese toestand 'n verandering aan te bring.

Maar daar het groot prikkels gekom omstreeks 1870. Die ontdekking en ontginning van diamante, goud en ander minerale was die stimuli vir die ontstaan en groei van groot stede. Ook was dit die lokmiddels om derduisende uitlanders hierheen te bring. Die proses van verstedeliking het 'n aanvang geneem en van nou af gaan alles in Suid-Afrika in die teken van die dinamiese staan. Die mynbedryf het veroorsaak dat talle ander nywerhede tot stand kom en op hierdie terrein het 'n enorme ontwikkeling ontstaan en gegroei. Aan die begin van hierdie eeu was ons land vir die meeste benodighede afhanklik van buitelandse leweran-

siers. Nou is hier reeds soveel industrieë opgerig dat ons volk tot 'n groot mate selfversorgend is en ook aan ander kan voorisen in hulle behoeftes. En terwyl die ontwikkeling op baie fronte toegeneem het, word instroming van mense uit lande van oorsee steeds groter.

Die dinamiese gemeenskapsvorm was die gevolg van 'n omgeswaai wat baie skielik ingetree het en die volk onvoorbereid gevang het. Dit het gekom en dadelik op vaart gegaan. Dit het ingesluit intrige en allerlei agitاسies, ontwrigtinge en nuwe verskynsels. Dit het 'n ander-soortige lewenshouding, in baie opsigte selfs die miskenning van alle moraal, vereis. Ons ou landelike bevolking het hierdie dinge nie geken nie en het 'n skok ontvang, want hulle lewensinsig was opgebou uit hulle landelike ervaringsveld, hulle wysheid uit die Bybel, hulle norme was gebaseer op Bybelse waarhede.

Anders as in oorsese lande het die proses van verstedeliking in Suid-Afrika soos 'n ooweldigende vloedgolf gekom met 'n aanslag wat te magtig was vir 'n volk wat daarvoor nie behoorlik toegerus was nie, en is die Afrikaanse volk soos 'n onvolwasse en onvolwaardige kind in 'n ruiierende omgewing geplaas. Die proses van verstedeliking was so vinnig en die dinamiese daarin so oorweldigend dat dit 'n stroom gevorm het waarin die onkundige en onbedagsame sy ondergang sou kry. Hier dan is ten dele 'n grondslag vir die latere groot vatbaarheid vir kerkvervreemding en die toenemende verswakkende geestelike toerusting en geloofsvermindering.

Aan die begin van die twintigste eeu beland die volk ook in 'n toestand van vertwyfeling oor die enorme verlies aan mense, aan besittings, oor die verlies van hulle vryheid, wat hulle moraal knak en 'n sterk gees van verbittering opwek. En orals word ook nog voorbeelde aangetref hoe hulle verder gedwarsboom is. Ernstige pogings om herstelwerk te doen aan verwoeste plase, wonings en kerkgeboue moet 'n aanvang neem, maar dan stuit hulle teen geweldige armoede en onsimpatieke houdinge van die nuwe owerhede. Hierdie ervaringe is nie die enigste wat sou help aftakel nie. 'n Verdere bydrae daartoe word gelewer deur die „flotsam and jetsam” wat skielik in die stede opgedaag het, die „vice-loving people”, die verteenwoordigers van die stem van verleiding en afval.

Op die platteland het dit al hoe moeiliker geword om op te bou en die ankers stewig te hou, want die gees van verstedeliking het vinnig gesprei. Moontlik was die groot armoede 'n remming, waardeur mense weerhou was om voluit deel te neem aan die skielik nuwe en volksvreemde dinge wat in die gemeenskapslewe ingetree het. Die kerklike bearbeiding het hulle egter nie gereeld bereik nie met die gevolg dat baie gesinne op die platteland net behou het wat hulle ten opsigte van geeste-

like goedere besit het, maar met hierdie verskil dat wesenlike gevare van 'n ander soort nou baie nader aan hulle voordeur was en hulle toerusting onvoldoende.

Die groeitempo van nywerhede voor 1910 was stadig, — eintlik was dit meerendeels spoorweguitbreidings, werksinkels en veral mynontginnings aan die Rand. In 1911 was daar in die Republiek 2,373 fabrieksinrigtings waar 21,049 blankes werksaam was; en in 1951 was dit 15,604 fabriekse met 247,663 werknemers. Naas die nywerheidsinrigtings noem ons ook die mynbedryf wat in 1911 25,940 mynwerkers in diens gehad het, waarby gereken moet word 1,236 mynwerkers by die koolmyne en diamantdelwerye. In 1951 was die getal mynwerkers 36,072. In hierdie jaar was daar al 166 vakverenigings in die hele Republiek, met 'n ledetal van 288,536 blankes en 80,305 nie-blanke lede. Deur die loop van die jare het die geleedere van die arbeidende klasse vol Afrikaners geword en sodoende het die Afrikaanse element ook toegang tot die vakverenigings gekry. So is hulle geroep deur werk en organisasie om skouer aan skouer te staan met mense wat voorheen vreemd aan hulle was, met persone van totaal ander denkrigtings, gewoontes en gebruike. Deur die vakverenigings het ons 'n nuwe front, naamlik die arbeidsfront, en 'n eie stand, naamlik die arbeidstand. Dit staan naas die plaasboere, die professioneles en die administratiewe korps, ensomeer.

Deur die skepping van die vakunies is daar 'n gevoel van solidariteit gekweek 'n aksent geplaas op 'n lotsverbondenheid en die versekering van regte gereel onder die beskerming van 'n magsorde. Al die vakverenigings word afsonderlike „pressure groups” en elke lid word bewus van die mag wat hulle saam besit. Dit het egter gelei tot die demonisering van die solidariteit, wat so anders is as die solidariteit onder dieselfde geloofsvaandel. Die verplasing van die aksent wat so tot stand gekom het, het gepaard gegaan met 'n geestelike ontkleding en aandoen van 'n wapensrusting wat so anders is as die van Efesiërs 6.

Die mens na die beeld van God geskape, is geplaas in 'n proses wat deur Karl Marx genoem is „Selbstentfremdung”, of anders die „Verdinglichung des Menschen”.

In talle bedrywe word net opdragte uitgevoer en is daar dus min kans vir selfrealisasie. Die werker is eintlik net 'n arbeidskrag in plaas van 'n werknemer. Hy vervul die funksie van 'n instrument, is 'n deel van die bedryfsvoorraad. Dit hang van persoonlike faktore af hoe masjinaal 'n mens dan ook kan word, hoe die lewenssfeer binne die fabrieksgemeenskap die mens se optrede in die sosiale sfeer daarbuite gaan aantast. Wie werklik koud en masjinaal gaan word, word ook geestelik traag en raak vervlak. As mens staan en kyk na die persoon by die masjien, kom die vraag op of hy hom bedien van die masjien en of hy dien by die

masjien, asof hy net 'n kontrolerende funksie by die masjien verrig. Dus hy kan ondergeskik word aan 'n apparaat wat vir 'n taak opgerig is.

Wat die laaste paar dekades egter die sterkste na vore getree het, was die aksentuering van eie belange deur alle groepe. Soos wat daar op die arbeidsfront die vakverenigings ontstaan het, so het op byna elke terrein 'n saamsnoering van kragte in die een of ander organisasie plaasgevind om te waak oor die belange van die besondere groep, en om dit te bevorder. Wat in die algemeen aan die gang is, word ook in die persoonlike lewe teruggevind, naamlik die sorgvuldige bewaking van eie belange waarby ingesluit is die beroep, die voorspoed en vooruitgang, die sosiale stand en die posisie. Die aksent val al hoe meer op die ego.

Naas die nywerheids groei is daar ook die handel met sy duisende werknemers, die groei van die stede waarheen duisende inwoners gaan om talle dienste wat ontstaan, te verrig.

Die proses van verstedeliking was nie langsaam nie. 'n Kenmerk was die vinnige instroming van volksvreemde elemente, wat 'n onbekende gees ingedra het in 'n gemeenskap wat heeltemal onryp was om dit te ontvang. Die industrialisasie en verstedeliking het die lankbestaande argariese lewensvorm totaal gewysig, 'n proses ontketen wat heeltemal wêreldse was en sig openbaar het in gewinsug, stoflike welvaart sonder om 'n gedagte te wy aan die geestelike welsyn van die gemeenskap. Daar ontstaan nou 'n heeltemal saaklike wêreld, dus vrywel die teenoorgestelde van wat al die jare bestaan het. Elke rigting het sy aanhang en getuies in daad, in woord en geskrif.

Die anderse gees wat ontwaak en gegroei het saam met die verstedeliking het ook begin spreid na die platteland. In baie geleëde 'n verdeeldheid in, waar die konserwatiewe van die vorige geslagte in stryd geraak met die meer wêreldse neiginge van die jonger geslagte. Geleidelik groei daar ook 'n groter verdraagsaamheid ten opsigte van die nuwerwetse.

Terselfdertyd is van een lewensvorm na 'n ander een oorgegaan. Daar het 'n nuwe lewenstroom ontstaan wat sy bedding naas die gevestigde lewenstroom gevorm het, selfs naderhand in baie se lewens die hoofstroom geword het, met 'n besliste ongunstige nawerking in die persoonslewe. Ook het hierdie verskynsel ingetree in die gesinslewe en die volkslewe, waardeur 'n maklike versaking van volksgewoontes en tradisies aangehelp is.

In hierdie mensgemaakte omgewing word alles in versnelde tempo behartig; en ook op massale wyse waardeur rustige besinning gestrem word. Selfs die kerklike arbeid moet vinnig plaasvind. Allerlei faktore

werk stremmend, byvoorbeeld mobiliteit, skofwerk, verhuisings, vermaaklikhede wat gekommersialiseer word, baie organisasies, massabedrywighe, gejaagdheid van die lewe. Die hele lewe word gereel deur werksorganisasies en vermaaklikheidsinstellinge. Talle is blootgestel aan gedurige prikkeling en suggestiewe leiding.

Die slotsom is dat die groot bedrywigheid, die veelsydige aandag aan allerlei, en die talryke verpligtinge van die week aan baie gesinne die geleentheid ontnem om aan hulleself reenskap te gee van die geestelike goedere wat bestaan, met die gevolg dat ernstige oorpeinsing uit hulle lewe verdwyn of erg verminder. Daarmee tree 'n toestand van geestelike vervlakking is, waarin die waardebeseft van die ewige waarhede min plek het. Tog is daar min wat geen ondervinding en geen getuienis aangaande die geestelike dinge het nie, omdat hulle wel aan die kerk van Christus behoort, maar nie aan die Christus van die kerk nie. Dit word duidelik gemerk aan die oormatige aandag aan bykomstige sake of aan onderdele van die hoofsaak, in die plek van die werklike lewenstoewyding aan die uitbreiding van die Godsryk op aarde. Vir hulle word Sondae dae van ontspanning en die herderlike besoek word 'n sosiale geleentheid. So word die aksent dan verplaas, want die godsdienstige is nie meer die eerste en alles nie, en die lewe raak heeltemal verwêreldlik. Die grense tussen godsdien en wêreld verdwyn en daarmee word 'n rigting ingeslaan waarin verwêreldlikte gedagtes oor die goddelike en oor die Almagtige oorheersend word, of as alternatief : die goddelike word net verontagsaam en vergeet. Die tyd toe kerk en godsdien die beskawing gelei en beheers het, is verby. In die plek daarvan word gevind dat die kerk nou in baie opsigte deur die beskawing beheers word, dat by talle geleenthede die kerk wel 'n woordjie mag spreek net om 'n godsdienstige kleur te verleen, en moet God as liewe Vader aan sekere geleenthede 'n wydingsmoment verleen, om al is dit net terwille van die gewete, 'n oomblik van plegstatigheid te skep.

As gevolg van die industrialisasie en die stryd tussen werkgewer en werknemer is die aandag al hoe meer op die persoonlike behoeftes gevestig en 'n materialistiese lewenshouding word gekweek. Hoewel dit die lewenshouding is van die massas wat ingeskakel is in die bedryfslwe van die industriële wêreld, het hierdie houding tog ook al deurgedring na byna al die afdelings van die volksbedrywighe en word omtrent orals 'n materialistiese bybedoeling aangetref.

Om bloot net bekend te wees met godsdienstige begrippe en verskynsels bring nog nie mee dat mens die ware en diepere betekenis daarvan begryp en waardeer nie en lei net tot uiteindelijke „chroniese ondervoeding van de ziel”. Hierdie toestand is onvermydelik, want 'n „hand-to-mouth existence is difficult to reconcile with a man-to-God existence”.

Die industriële gemeenskap is nie homogeen nie, want benewens die arbeidende groepe is daar ook die administratiewe afdelinge wat heeltemal anders in houding is. Daar is dus industriële eenhede van verskillende soorte en grootte, met groter of kleiner personeel wat in afdelings of in groepe volgens taak verdeel kan word. Daarnaas is die menigte groepe ingedeel in handelsorganisasies, bestuurskringe, vervoerwese, ensomeer. Sommige is nouer aaneengesluit en werk meesal saam, ander se kontak is gering.

Die werkgroep waarvan 'n persoon lid is, het wel deeglik 'n invloed op hom na die aard van sy persoonlikheidsbou. Hierdie invloed het 'n uitwerking op die ontwikkeling van 'n persoon se normbesef, sy gevoelslewe, sy lewensbeskouing. Veral waar hy moet leef en werk in komplekse verband kan dit daartoe lei dat institusionele bande en tradisies losgeslaan word en sy uitkyk in verwarring en onsekerheid geraak. Die vormingsfunksies van die ou instelling word oorgeneem deur die nuwe verbondenhede, naamlik die bedryf, en in die bedryf veral deur die werkgroep. Daar ontstaan 'n konformisme met die groeiende reaksies van die groepe teenoor die prosesse, inrigtings, die gedragskodes en die vorige houdinge. In hierdie konformisme word dan 'n subjektief geworde nuwe houding getoon, howel die oorspronge van die houding vanuit die sosiale omgewing, dus die werkgroep kom. Veral as die groepsbindinge sterk geword het, is die geneentheid ook sterker om nuwe persoonlike houdinge te kweek. Daar ontstaan gaandeweg fiksasies wat in 'n nuwe lewensfase basies word en die lewenshouding en gedrag oorheers. Die mens onderwerp sig dan aan 'n groepskode, 'n groepsmoraal en 'n groepsgees. Die konformisme moet gesien word in dieselfde lig as identifikasie met 'n groep deur sig te voeg na die mentaliteit van die groep en ook die groepsmoraal aan te hang. Eie insigte en norme word ondergeskik gemaak aan die kode van die groep. Tegelyk is die karakter en inhoud van die groepsnorme van groot bepalende waarde vir die blywendheid van die identifikasie, vir die waarde van die bindinge wat ontstaan en voortduur, asook die diepte daarvan. Later sal blyk in welke rigting die disintegrasie van die oue gegaan het, hoe ernstig dit is, en waar die persoon nou staan ten opsigte van sy kerklik-godsdienstige houding. Die proses wat hier in oënskou geneem word, word prakties gedemonstreer deur die bindinge wat kom en gaan by die huidige tienerjariges. Dit is op die oomblik meer in die openbaar en gaan gepaard met groot ophef en publisiteit. Maar dieselfde proses kan ook stil en sonder publisiteit aan die gang wees.

Hierdie identifikasie en konformisme as dit gekoppel is aan 'n kerkontvreemdende rigting staan in die weg van en strem enige ontplooiing op die gebied van die kerklike, godsdienstige en etiese vorming. 'n Ander koers word aangegee, 'n ander kode word aanvaar en gevestig en

die hele normbesef verander, m.a.w. wat deur die kerk aanvaar en voorgelou word, word met onverskilligheid bejeën en die rug daarop gekeer. Om met 'n persoon wat so gesind is, te praat, bring geen resultaat nie. Selfs 'n sterfgeval in hulle gesin bring net 'n lang gesig vir 'n dag, en daarna is die indruk ook weer iets van die verlede.

Dit is die proses wat in 'n enkele persoon se lewe plaasvind, maar dit is reeds die ervaring van groter-wordende getalle, — dus die stroom word groter en vinniger. Daar is 'n aweregse ontwikkeling wat deel is van die dinamiese tendens in die gemeenskapslewe, die teenoorgestelde van die vorige statiese geaardheid in die landelike en patriagale gemeenskapsbou. Die proses is net 'n verdere uitbouing van die sekularisasie wat lankal ingetree het saam met die aanvang van die industrialisasie en verstedeliking.

Die godsdienstige norme word in die gemeenskapslewe teruggedring en dit word vervang deur kragte en norme van die profane wêreld. As ek die optrede van baie mense in die daaglikse lewe waarneem, in en om hulle huis, in die ambagslewe, in die besighede, dan besef ek net hoe baie van die godsdienstige reeds verdwyn het uit die daaglikse lewe, en hoe vreemd die ewigheidswaardes is waar die wêreldse waardes, die materialisme oppermagtig geword het. Ek wil die waarde en die mag van die tegniek erken, maar as dit subjek van die geloof word en verhef word tot die rang van byna 'n almag, dan getuig dit van 'n proses wat die siening niwelleer van gelowige ouers se kinders en die houding van hulle kleinkinders radikaal verander. Die godsdienstige motivering in die daaglikse lewe, wat die aandag bewus of selfs onbewus vestig op die onverganklike te midde van die verbygaande en wisselende, wat gekleurd is met alles wat eie is aan die tydsges. Ons grootouers het geleef onder die bestuur van die teokrasie, die moderne mens onder die bestuur van die tegnokrasie, die intellek, die materialisme en alles wat ontstaan as deel van die tydsges.

Deur die enorme en organisatoriese ontwikkeling het die moderne mens onder die oorheersing gekom van 'n oorfloed onsamehangende invloede en prikkels, oppervlakkige indrukke, vlugtige kontakte, maatskaplike eise en verpligtinge. Die groepsinvloed en groepskode is nie net aanwesig by die besondere werksgroep waar mens jou lewenstog maak nie, maar selfs waar mens deel word van 'n speelgroep betree mens 'n terrein met 'n eiesoortige siening wat sig nie onbetuig laat nie.

Die veelseortige invloed lê sodanig beslag op talle mense dat hulle geen tyd meer het nie, of geen tyd meer neem om hulle rustig oop te stel vir die wêreld van die Andere nie. Net so min neem hulle tyd om in eensaamheid tot hulleself te kom, om die invloed waar moontlik innerlik te verwerk, te integreer in 'n sinvolle geheel. Die gevolg is

verbokkeling van die geestelike lewe, waarvan die noodlottige verval orals gesien word en waaroor die kerk so ernstig handel.

Ons leef vandag onder die Beklemmende diktatuur van die „te veel”, wat vir die waaragtige ontplooiing van ons mens-wees net so skadelik is as enige ander diktatuur. Hoe baie word hierdeur nie meegeleer in ’n koersagtige lewenstempo, wat naderhand onverbiddelik uitmond in ’n diep geestelike vermoedigheid, waarin alles sinloos word. Ons word voortdurend voortgejaag om tog maar niks mis te loop nie; maar juis so ontglip aan dergelikes dat wat sin aan die lewe gee, naamlik die werklike verbondenheid aan die hoë self, en die verbondenheid met die grond van hulle bestaan, naamlik God. Dit kom nou eintlik hierop neer dat die kerk en godsdiens hulle funksie in die lewe van ’n dergelike mens verloor; en waar die besondere funksie nie meer aan die gang is nie, daar verdwyn ’n besondere werking.

Wat is die posisie ten opsigte van die getroue kerklike aktiwiteit en aanhanklikheid in ons moderne gemeenskapslewe? Hier moet mens maar gebruik maak van algemene stelling in boeke en verslae, want ’n werklik omvattende meting wat alles insluit, is nog nie gemaak nie. As kerkbesoek ’n aanduiding mag wees, dan kry mens dadelik ’n sorgwekkende gevoel oor die toestand ’n tien jaar gelede. Toe was daar gemeentes waarin die kerkbesoek gedaal het tot so laag as 4% van die lidmate terwyl die meeste s’n variëer onder 20% rond.

Die kerk moet rekenskap vra oor waar skade gely word en waarom. Ons wil egter ’n blik werp op die sosiale aspekte van die veroorsaking van die huidige toestand waarin die kerklik-godsdienslewe sig bevind. Ons wil nie uitwei oor sondes en die menslike sondige natuur nie, want dit word veronderstel en moet dien as agtergrondsbegrip by die behandeling van ander faktore.

Wat kan ons sê van die kerklike lewe in hierdie tyd? Ons wil net twee geringe voorbeelde neem om die gedagtes te prikkel:

Twee ouerpare A en B. staan langs mekaar waar die sakrament van die H. Doop aan hulle bedien word. Op pad huis toe raak A se kar in ’n ongeluk betrokke. Maandag lees B daarvan maar doen geen verdere navraag of gaan nie besoek aflê nie.

Aan dieselfde nagmaalstafel sit twee persone C en D wat saam deel het aan dieselfde dis, en die brood en beker aan mekaar toereik. Die middag beswyk C as gevolg van ’n skielike toeval. D hoor dit en hoewel hulle mekaar ken as lidmate van dieselfde kerk doen D niks verder in verband met die gebeurtenis nie. In albei gevalle het daar sakramentsbediening plaasgevind en was die persone disgenote, lidmate van dieselfde kerk, belyders van dieselfde geloof, ingeskryf in dieselfde register.

Die voorafgaande voorbeelde skep nou in die lig van die volgende aanhaling 'n probleem, veral waar mens probeer om dit regtig tuis te bring in die pryktyk van die gelowige se lewe : „Tegelyk word ons deur dieselfde Gees ook met mekaar, as lidmate van een liggaam, in waaragtige broederlike liefde saamverbind, soos die heilige Apostel spreek : Omdat dit een brood is, is ons almal een liggaam, want ons het almal deel aan die een brood. Want soos uit baie graankorrels, as hulle gepars word, en wyn en drank vloei, en tot een vermeng word, net so sal ons almal wat deur die waaragtige geloof in Christus ingelyf is deur broederlike liefde om Christus ons liewe Saligmaker ontwil, wat ons tevore so uitnemend liefgehad het, almal saam een liggaam wees, en dit nie alleen met woorde nie, maar ook met die daad teenoor mekaar bewys”.

Ek kom tot die gevolgtrekking dat ons wel administratief saamgevoeg is binne dieselfde gemeente en grense, maar teenoor mekaar is ons volkome onverskillig; ons leef soos enkelinge, in die meeste opsigte van mekaar vervreemd, veral wat die ander se sorges, probleme en vreugdes betref. Van kerklike kant gesien is daar geloofsverbondenheid, maar van die kant van die persoon se optrede gesien is hulle aanmekaar bekend net van sien. Dit ontbreek aan die regte begrip wat betref die koinonia. Die hele sakramentsrealiteit word individualisties opgevat en beleef, enkel as 'n persoonlike verbinding met God; dus dit word vertikaal gesien en beleef as 'n vereniging van die alleenstaande enkeling met Christus. Dit word nie meer horisontaal gesien en beleef as 'n gemeenskapsmaaltyd nie, — 'n eenwording in Christus met ander lidmate van dieselfde liggaam nie.

Vir drie maande is daar uiteenlopende lewensrigtings en bedryfsloopbane, waarin mense min met mekaar te doen het, mekaar af en toe net in die kerk sien sit of toevallig saam aansit aan dieselfde nagmaalstafel. Verder is daar geen werklike saamverkeer in die dieper sin van die woord nie.

Waarom is dit dan so? Mens weet van kerk en godsdiens, van geloof en liefde, van sonde, genade en verlossing, maar die begrip van hierdie dinge is baie gebrekkig, elementêr en oppervlakkig. In ons gemeenskapslewe het die godsdienstige daad en houding meer 'n saak van tradisie geword, en net maar 'n deel van die sosiale kode. As mens die diepere agtergrond en beweegredes ontleed dan is daar dade in die naam van die godsdiens wat in wese nie baie van die godsdienstige inhoud nie. Byvoorbeeld: 'n bydrae word elke maand gemaak sonder die gedagte aan 'n offergawe of aan 'n dankoffer. 'n Persoon was in die erediens sonder die gedagte aan aanbidding. Of 'n mens luister na 'n sondige uitbarsting, na woedebuie wat onbeteuel is en geen eer aandoen aan 'n kerkmens nie.

Hierdie verval van die kerklike gemeenskapslewe dra nie by tot waaragtige geloofsopbou nie. Eintlik bevorder dit buitekerklikheid. As die gemeenskapslewe van die kerk 'n persoon nie vashou nie, sal daar bindinge met ander groepe ontstaan en sal die bepaalde persoon se norm-besef en gedrag die wysiging toon.

Naas die afbreuk deur die sondige en die ongeregtigheid wat orals aangetref word, is mens tog ook bewus daarvan en bekommerd daaroor dat die kerklik-godsdienstige milieu werklik nie meer in staat is om volledig by te dra tot die opbou van die geloofslewe nie. Maar nietemin word daar baie mooi en duur kerkgeboue opgerig, en word daar in naam van die kerk baie ondernemings geloods en gefinansiër, alles met fondse wat die gemeentes bydra.

Ek wil tog die soeklig hier laat val op die gemeentelike lewe met die bedoeling dat ons aan onself rekenskap moet gee. Dit verbaas mens dat daar so baie negatiewe gesindhede is en talle blyke van onwilligheid. Daarom stel ek die vraag of die Christelike gemeente nog gemeente is 'n geloofs- en liefdesgemeenskap. Of is dit 'n deeglik georganiseerde vereniging met 'n kern van aktiewe persone en verder 'n groot getal passiewe egosentriese lidmate rondom die kern.

In hierdie verband stel mens die verdere vrae na die oorsake waarom die sektewese so groei. Mens merk op hoe dat die onderlinge broederskap by hulle lewendig is, asook die intimiteit en die persoonlike aandag. Veral merk mens die besielde saamwees en saamdoen wat 'n sterk kenmerk is.

En tog word daar by ons ook saamgekom in die eredienste e.a. kerklike funksies; by ons is ook die prediking, huisbesoek, siekebesoek en verdere aandag tydens sterf- en noodgevallen. Maar word die mens regtig bereik? Is daar nie te veel nadruk op die organisatoriese sy van die gemeentewerk nie; te veel nadruk op prestasies wat nodig is, allerlei nutsinstellinge wat noodsaaklik is, pligte en verpligtinge wat nie versuim moet word nie.? Bereik die kerkmense mekaar in die gesprekke, kom daar 'n werklike mens-tot-mens verhouding tot stand en word die gemeenskapslewe van die ander een bereik en bevorder? Word in die bearbeiding sin en begrip gegee aan die geloof, dus 'n duidelike inhoud daaraan gegee? Word die siel gelei tot die werklike vreugde van die ontmoeting in Christus? Indien daar dan tog kontak is en bearbeiding, en pressie om aktief te wees, en as daar tog groot prestasies is, maar die geloofsinhoud bly genivelleerd, dan begin mens te wonder of die kerk en gemeente nie eerder doelmatigheidsorganisasies geword het nie. Al die vragies en kort stellinge wat nou gemaak is oor die kerklik-godsdienstige praxis moet mens laat wonder oor die opregtheid van die geloofslewe in die algemeen, oor die suiwer kennis van Gods verborgenhede en oor die begripsinhoud van die godsdienstige lewe wat die deursnee lidmaat het. Ons het rede

om te glo dat die gewone lidmaat wat 'n normale lewe voer en soms getrou kerk toe kom, maar net so maklik weer wegbly, dat dergelike lidmate maar net toon dat onder die oppervlakte is daar groot probleme en tekorte aan die gang.

Die Kerk moet nie in die periferie van die samelewing staan nie, hetsy dit patriargaal, verstedelik of geïndustrialiseer is nie, die kerk moet die hart van die samelewing wees. Dit is 'n funksie van die kerk in diens van die gemeenskap om van die belydende lidmaat, die Christen, die gelowige mens 'n visser van mense te maak, om te getuig en om ook op te bou. Maar dit moet nie net 'n woordverkondiging wees nie, hetsy in gesprek of prediking nie, die getuie moet die gestalte van Jesus Christus aan die vreemdeling toon en daarna moet hy die vreemdeling lei en bring tot identifikasie.

Wat is nou die taak van die sielsorger? Hy moet die kerk ken, maar hy moet ook presies weet waar die kerk se taak onvervul gebly het en waar die funksie van die kerk te kort geskiet het. Dit is nie so maklik om die probleem raak te sien nie, want die kerk was getrou om die Woord te verkondig, om die herderlike sorg te beoefen, om aan krankes, armes, bedroefdes, noodlydendes, aan ou en jonk aandag te gee. En tog het die probleem gegroei,—die kerk het al groot skade gely, die getal getroues word nog nie vinnig groter nie, terwyl orals stemme roep en waarsku. Die sielsorger moet die gebreke in die kerk se arbeid ken en peil, asook die redes waarom die deursnee mens in vandag se gemeenskapslewe nie bereik word nie.

Ook moet hy kennis dra van die prosesse wat nog altyd aan die gang is, die disintegrerende uitwerking wat dit het ten opsigte van die godsdienstige bouwerk, en hoe moeilik dit word vir die kerk om te praat met 'n mens wie se persoonlikheid uitgerafel is.

Dan moet die sielsorger ook presies weet wat is sielsorg, — nie maar net besoek aan die huisie van gemeentede, krankes en beproefdes nie; nie maar net prediking en sakramentsbediening nie; nie maar net leiding in vergaderings en funksis nie. Dit is wat ook al die jare gedoen is. En hoewel ons statistiek groot getalle lidmate wys, is ons bewus van baie ontrou, probleme en 'n geworstel met groot getalle mense om tog 'n bietjie lewe in hulle te kry, terwyl ons verder bewus is van groot getalle wat vervreemd geraak het, veral onder die jonger groepe.

Die pastorale diens het ten doel die opbou van die gemeente deur die opbou van die geloofslewe by elkeen. Dit geskied by wyse van prediking en besoekwerk. Terwyl die prediking egter in die algemeen plaasvind, betrek die sielsorg sig op die enkeling en op die groepe wat in besondere nood verkeer,—en die bestaan daarin om die boodskap van die

Evangelie toe te pas op beide die enkeling en die groep. Dit vind plaas by wyse van gesprekke en gebede, waarvan die inhoud baie veelsydig is volgens persoonlike behoeftes.

Wie sielsorg ernstig opvat en dit deeglik wil doen, moet die gawe-hê om goed te kan luister na die ontboeseminge van 'n persoon in sy geestelike en liggaamlike nood; maar, indien min inligting verkry word, dan tog in staat moet wees om die regte voelers uit te stuur. Hy moet 'n fyn aanvoeling hê, asook deeglike mensekennis en Skrifkennis.

In die sielsorg word verder ernstige aandag gegee aan die lewe en die geloofsinhoud van gemeentede, en hoe hulle deelneem aan die bedryghede van die gemeente soos bywoning van Eredienste, awendmaal en funksies wat gereël word.

Vervolgens word in die sielsorg ook gehandel oor persoonlike vraagstukke en moeilikhede; hieroor moet die lig van Gods Woord val, in welke lig dit alles beoordeel en waardeer moet word. Waar 'n sielsorger te doen kry met opregte berou en belydenis, daar sal hy moet troos en versterk deur die verkondiging van genade en vergiffenis. Hierdie verkondiging met volle oortuiging aan die berouvolle soekende siel is eintlik die kerk van die sielsorg. Daarna begin die voortgesette taak van die heropbou. Nou is 'n mens aan 'n sielsorger toevertrou, — 'n mens in nood, iemand wat soek na vrede en sekerheid. Hy moet gehelp en gelei word na 'n nuwe lewensweg. Naas die sondevergifenis kom die lewensheiliging.

Sielsorg is die arbeid deur tug en vermaning, deur deurtastende gesprekke, deur opwekking en verkondiging om sodoende 'n persoon binne te lei in die volwaardige kerklike gemeenskap, waar hy 'n taak gaan vind in kleiner of groter kring. Dit beteken gesprekke met eensames, oues van dae, die jeug, twyfelaars, die wat van God vervreemd geraak het, krankes, gevangenes, openbare sondaars, afwykendes, en wie in moeilikheid geraak op die gebied van seks, e.a. growwe ergerlikhede, die wat selfmoord bedink, die psigies versteurdes, ensovoorts.

Die sielsorg stel baie hoë eise. Mens moet kan luister met die regte gesindheid, ook met die sekerheid aan die soekende dat oor sy sake geswyg sal word; ook besin sal word en dat mens gewillig is om sy hand te vat omdat sy nood begryp word. Die soekende word reeds al gehelp deur die versekering dat daar hulp is in die stryd om los te kom, dat daar iemand is wat gaan probeer saamloop op die weg van geregtigheid.

Daar is egter ook 'n mate van sielkundige begrip nodig. Mens tref dit nogal deesdae so dat 'n persoon ietwat verleë voel met die aangediende persoonsprobleme, gesien in die lig van die prosesse wat daarin 'n rol speel. Hierdie kennis dien nie ter oplossing van die persoonspro-

bleme nie, maar eintlik ter onderskeiding van die aard en omvang daarvan.

Myns insiens word die omvang van die sielsorg bepaal in die beroepsbrief. Die herderlike sorg sal in elke gemeente leer wat onder besondere plaaslike omstandighede nog verder gedoen moet word. Dan word ook bygevoeg wat voorgeskryf is in die Formulier om die Bedienaar van die Goddelike Woord te bevestig. Maar sielsorg is nie net die taak van die predikant nie, dit moet ook beoefen word deur die ouderlinge en diakens; en die omvang van hulle taak word bepaal in die Formulier vir die Bevestiging van Ouderlinge en Diakens.

Ek laat dit aan die historici oor om ons in te lig wanneer die kerk sy taak naastenby ten volle vervul het, maar soos ek die geskiedenis van Suid-Afrika nagegaan het, het ek die reg om te sê dat sinds 1652 het die kerk nog nooit sy taak in ons land ten volle vervul nie, selfs nie gedurende die tydperk van landelike geslotenheid nie, toe die gemeenskapslewe heeltemal staties was en min onderhewig aan invloed vanuit die buitenland. Allermens word die kerk se taak vervul in hierdie moderne geïndustrialiseerde tydperk met sy dinamiese gemeenskapslewe.

Hoe moet ons in hierdie moderne tyd te werk gaan en hoe moet die sielsorg beoefen word?

In eerste instansie moet ons die kragtige prosesse wat in die groepsverband ontstaan en werksaam is op die regte bane lei. Die diens aan Gods koninkryk is koinoniaal, dit is gemeenskapsvormend. Dit is die moeite werd om 'n oorsig te maak van hoeveel keer daar in die Bybel vermeld word van die prediking aan kleiner of groter groepe; van groeps-werk wat in die gelykenisse aangehaal word en veral in die drie bekende gelykenisse van Lk. 15, waarin elke keer die klem ook val op 'n groep. Die Pauliniese werk vind dikwels plaas met groepe mense. Dus groepsvorming is noodsaaklik en dit moet die karakter dra van selle, kerns in die gemeente, met 'n sterk plaaslike leier, — nie noodsaaklik 'n ouer persoon nie, want soms is 'n jong man meer bevoeg. Hier is die kernsamekoms moet studie plaasvind, die opbou van 'n ander normbese is nodig, die instelling van 'n verantwoorde bedryfsetiek moet begin en opgebou word. Dit alles moet gebaseer wees op die regte begrip van die geloofsleer, op Bybelkennis, emosionele bindinge wat groei sodat 'n sterk godsdienstige sentiment kan ontwikkel. 'n Bevoegde persoon wat lei sal sy klein kudde bring tot identifikasie, 'n konformisme wek en 'n kraggroep laat vorm wat deel sal wees van die groot gemeente.

By al die uiteenlopende lewenskoerse deur die verskillende arbeidsrigtinge waarin mense werksaam is, is die groepsvorminge binne werksverband baie en veelsoortig van aard. Daarnaas is daar groepsvorminge wat plaasvind om ander belange, maar die vorming van selle, kerns binne

'n gemeente en te midde van al die ander groepe, dit moet die grondliggende en rigtinggewende groep wees, wat al die ander belange oorheers. In die sosiale bindinge van die mens van die omgewing moet die kerklike woord deurslaggewend wees en die meeste gewig dra.

Langs hierdie weg moet 'n werklike gevoel van solidariteit geskep word, naamlik die solidariteit van die geloof en elkeen moet, oortuig wees dat dit van allesoorheersende waarde vir hom is, dus in sy lewe voorrang geniet. As ons hierdie dinge kan regkry dan het ons daarmee die groot deurbraak in die wêreld van die ongeloof bereik en die gemeenskap op die terrein van die vaste ankergrond gebring. Die inhoud van die normbesef sal bepaal word deur Gods Woord, in die lig waarvan die mens oortuig sal word van sonde en oordeel, maar ook van genade en verlossing deur Christus. In die lig hiervan word alle begrippe opgebou, naamlik die van geloof, gebed, toewyding, dankoffer, sakrament, asook die begrippe oor die leer.

Ons moet erken dat ons 'n wêreld betree wat langs die wêreld van die kerk bestaan en wat in feite godsdiensloos is. Die kerk kan nie voortgaan langs daardie wêreld nie en daardie wêreld kan ook nie binne die mure van die kerk kom nie. Nou moet die gekerstende blanke, die lidmaat van die kerk in sy werksgroep daardie wêreld nader soos wat die onkundige heiden genader word.

Waar so opgetree word, kom die amp van die gelowige weer tot sy reg en waar die amp in werking is, daar is die kerk aanwesig en werksaam. Op die oomblik is hierdie amp egter te veel in funksie net waar die kleed is en nie altyd waar die behoefte is nie. Daar word te veel verwag dat net die predikant die Woord moet spreek en die getuieis moet bring. Selfs van die kerkraad besondig hulle al in hierdie opsig. Die gevolg is dat 'n menigte belydende lidmate bly geestelik onmondig. Mens besef dit terdeë as jy luister na die gebed van iemand wat jy gemeen het 'n kragfiguur in jou gemeente is.

Op die vlak van die geloof moet ons nadruk lê op die persoonlike ontmoeting. Dan ontmoet mens 'n persoon anders as met die gewone gesprek oor die weersomstandighede en die oggendnuus, of die probleme van die werk en die vakunies. Deesdae ontmoet die kerkmense mekaar by die kerk nie eers meer met die lewendmaking woord as die sentrale onderwerp nie. Ek vrees die gelowigs is te min werktuie vir hulle taak, is te min mede-arbeiders van God in die wêreld. Hulle belange gaan om die kerk as instituut in hulle midde en hulle dwing die kerk om kerk-sentries op te tree, om in sy diens te veel introvert en te min ekstrovert te wees.

Hierdie tuisbearbeiding binne geestelike selle is vir my die uitgangs-

punt van die beleid om die kerkvervreemde mens te bereik. Dit kan bestaan in kontaksamekomste afgewissel deur huisbesoek, hulp tydens krankheid, raadgevinge en meebelewinge onder alle wisselinge van die lewensomstandighede. Dit is die taak van die ouderling, diaken, lidmaat, jeugleier, susterslid. Hiernaas kom ook die huisbesoek van die predikant en sy besondere sorg aan buitengewone gevalle. Die werk deur leke moet benadruk word. Die nodige lektuur en uitlegstukke moet deur die kerk voorsien word, ook deur die predikant deur middel van herderlike briewe, pamflette, kort prekieë op band of afgerol. Vervolgens moet daar 'n program van werksaamhede bestaan, by die uitvoering waarvan talle betrek moet word, teneinde hulle te aktiveer. Lidmate moet gelei word tot kerklike werksaamheid, want dit bevorder die gemeenskapslewe. Dit is nie nodig dat die predikant al die samekomste moet organiseer of bywoon nie.

Ook moet aanmoediging en leiding gegee word oor selfstudie, huisgodsdiens en offergawes. Wie werk vir 'n saak en daarvoor opoffer, leer die saak ken en waardeer. Ek meen dat ons heeltemal te min gebruik maak van leke-arbeiders, wat self verdere bekwaamheid sal ontwikkel as hulle gestimuleer word deurdat hulle dienste nie verontagsaam word nie. Die oomblik dat 'n mens voel jy word waardeer en benodig, dan ontluik daar in jou heelwat sluimerende kragte.

Ons wil ook nadruk lê, naas die Woordverkondiging in die huis en in die kleiner kring, op die Woordverkondiging vanaf die kansel. Dit is die terrein van die predikant .

Ter aanvang moet die predikant weer kennis neem van die inhoud van die beroepsbrief, en in die lig van die so omskrewe taak homself ondersoek wat betref sy houdinge, sy gesindhede, sy aktiwiteit en sy arbeid. Dit is tyd dat ons begin met snoeiwerk en nie meer ons geld afweeg vir wat geen brood is nie, ook nie ons arbeid gee vir wat nie kan versadig nie. Daar is baie fronte waar die predikante nie meer nodig is nie. Daar word baie kosbare studietyd ter bekwaammaking van ons besonder arbeid as herders en leraars verkwansel in die vervulling van suiwer wêreldse belange, of somaar in niks doen.

Vervolgens moet ons ten volle bewus word van wat ons taak en roeping is, 'n duidelike begrip verkry van elke afdeling van al die verskillende groepe waarmee ons moet handel en ons daarvoor bekwaam. Ons moet elke probleem en probleemgesin nader met die regte perspektief en geestelike toerusting; en daar is baie van hulle.

Waar ons intree en die Woord spreek, moet dit getuig van die feit dat ons die mens in sy besondere omstandighede, gesindhede en omgewing begryp. Dan sal daar Woordverkondiging plaasvind en met seën gepaard

gaan soos Fillippus die Moorse Kamerling gelei het. Ons betree nie net die woning van 'n mens nie, of sy werksplek nie, maar ons staan langs hom in die lewe en daarvandaan af neem ons die leiding.

In die openbare Woordverkondiging tree ons op as gesante om te leer, te vermaan en vertroosting te bring. Die prediking kan eenvoudig wees, maar dit moet aktueel wees met begrip van die behoeftes en van wat Gods Woord daarvoor bied. Hier moet die prediker 'n verstaanbare taal spreek, wat die evangelieboodskap laat inpas in die voorstellingswêreld van die gemeente. Die hoorders moet met 'n boodskap terugkeer, hulle moet voldaan wees. Dit geld vir die gewone, sowel as die nagmaalsdiens, of enige ander samekoms.

Maar ons bid gedurig dat God die naprediker van Sy woord moet wees. Is dit ook nie 'n wesenlike deel van die sielsorg nie? en bied dit ook nie die geleentheid om daar Gods werktuig te wees nie? Hoe moet God die naprediking doen?

Juis hier het die kerk ook sy taak nie vervul nie. Ons preek en aan die end van die rede is ons taak afgehandel. Die kerkraad en die gemeente luister en as die rede klaar is, is hulle taak volgens hulle mening ook afgehandel. Die naprediking geskied alleen daar waar die gelowige, die leek of die ouderling kort na die prediking na besondere huisgesinne gaan om die verkondigde Woord te gaan inskerp met die nodige toepassing aan daardie besondere gesinne, — nie om hulle te veroordeel nie; maar om die lig van Gods Woord wat so pas verkondig is, op 'n houding of optrede of behoefte van die besondere gesinne te laat val en om dit so tuis te bring. Juis op die manier kan daar vrugte verwag word op die Woordverkondiging.

Christus het gesê: Julle is die lig van die wêreld, julle is die sout van die aarde. Ons lig moet instraal in die lewe van ander en hulle moet wandel in die lig. Die sout moet smaak gee aan die soutelose lewe van ander en so aan hulle ware geluk bring.

— P. W. Venter.

Klerksdorp.
22. 9. 1964.